

O.J.O. FERREIRA

Adamastor, gees van die Stormkaap

Pretoria: Die outeur, Posbus 11972, Hatfield, 0028

1995

64pp

R15.00

ISBN 0-620-19501-0

Prof. O.J.O. Ferreira, verbonde aan die Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis van die Universiteit van Pretoria, is bekend vir sy belangstelling in die historiese en kulturele bande tussen Suid-Afrika en Portugal. Daaran getuig onder meer sy publikasie oor die Boeregeïnterneerdes in Portugal tydens die Anglo-Boereoorlog, *Viva os Boers!*, wat in 1994 deur die skrywer self uitgegee is. In sy nuutste werk gaan Ferreira veel verder as 'n eeu in die geskiedenis terug, naamlik na die epiese gedig *Os Lusíadas* van Luis de Camões, en dan spesifiek na die mitologiese karakter Adamastor, wat 'n belangrike rol daarin speel. Camões se gedig is nog nooit in sy geheel in Afrikaanse vertaal nie, en die inhoud daarvan is maar bra onbekend onder veral Afrikaanstaliges. Die mitologiese karakter Adamastor is ewe onbekend. Met hierdie publikasie stel Ferreira dié verbeeldingskind van Camões op lofwaardige wyse aan spesifiek Afrikaanstaliges voor.

Camões het Adamastor geskep, maar hom met die Griekse mitologie in verband geplaas. So het hy as't ware 'n band tussen die antieke Griekse kultuur en die suidpunt van Afrika gelê. Maar Adamastor se bestaan word die eerste keer aan Europeërs bekend toe Da Gama met sy beroemde reis rondom Afrika na Indië besig was. Camões skryf dat Da Gama en sy bemanning in die Suid-Atlantiese Oseaan al 'n paar dae lank teen die

tierende stormwinde aan die stry was toe Adamastor sy verskyning gemaak het. Die aaklige, reusagtige monster bedreig die Portugese en voorspel die dood van Dias, D'Almeida en ander omseilers van die Kaap. Toe Da Gama hom vra wie hy is, vertel Adamastor sy lewensverhaal - sy goddelike afkoms en sy liefde vir die verleidelike seenimf Thetis, wat niks van hom wou weet nie. Hy vertel verder dat dit hom tot waansin gedryf het, waarop die gode hom gestraf het deur hom in 'n ruwe berg aand die suidpunt van Afrika te verander. Hy moes die suidelike oseane bewaak en sou dood bring vir diegene, soos die seuns van Lusus (*Os Lustadas*) wat dit sou waag om hom uit te daag.

Ferreira herhaal nie in *Adamastor* bloot die verhaal nie. Die boek bevat wel 'n splinternuwe verwerking in Afrikaans deur die digter D.P.M. Botes van die gedeelte van *Os Lustadas* wat oor Adamastor handel. Maar Ferreira deel heelwat ander interessante in verband met die Adamastor-mite mee. Hy vertel die verhaal van Luis de Camões, wat self na 'n mislukte liefdesverhouding gedwing is om sy vaderland vir veraf kuste te verlaat. Ferreira lê voorts die waarskynlike redes vir die skepping van die Adamastor-mite uit. Hy bespreek die moontlike oorsprong van die naam Adamastor, hy vertel van die lot van die persone wie se dood kwansuis deur Adamastor voorspel is, hy dui aan watter posisie die Adamastor-figuur in die Suid-Afrikaanse letterkunde ingeneem het en hy wys op talle omstredenhede rondom die Adamastor-figuur. Daar was naamlik kommentators wat die Adamastor-mite beskou het as die grondslag van die rassitiese mitologie waarop blanke baaskap in Suid-Afrika gegrond was. André P. Brink was een van talle kommentators wat beswaar gemaak het teen die blatante rassisme van Camões se beskrywing van Adamastor.

Ferreira wys ook op die neerslag van Adamastor in veral die Suid-Afrikaanse letterkunde, maar ook op ander gebiede, soos die beeldende kuns. Dié boek is ryklik versier met 18 illustrasies - ongelukkig geeneen in kleur nie. Daar is 'n uitvoerige bronnelys aan die einde. Hierdie boek het wel maar 'n beskeie formaat, maar is inderdaad verpligte leesstof vir diegene met 'n belangstelling in die Portugese omseilings van die Kaap in die besonder, maar ook in die mensdom se flirtasies met mitologiese figure in die algemeen. Laastens sal liefhebbers van die letterkunde diep uit hierdie boek kan put.

JACKIE GROBLER
Universiteit van Pretoria